# St. Justinus die Martelaar

## 1 Junie



(sterf 165)

Hy is uit ‘n heidense Grieksspreekende familie by Flavia Neapolis in Samaria gebore. Hy studeer filosofie en dit was sy diepsinnige soeke na die sin van die lewe wat hom uiteindelik Christen laat word het. In ‘n tyd toe Christene dikwels vervolg was rig hy ‘n ope brief aan keiser Antoninus waarin hy die Christelike geloof uiteensit en verduidelik op ‘n manier wat aanklank sou vind by enige opgevoede persoon van destyds. Hy glo dat die groot Griekse wysgere soos Sokrates en Plato en die rasionele denke wat hulle voorgestaan het totaal versoenbaar was met die Christelike geloof. Hy was eintlik die eerste Christelike filosoof. Hy besoek Rome twee keer en by sy laaste besoek word hy deur ‘n ander filosoof, Crescens, aan die owerhede verkla. Hy word gevange geneem en saam met ses ander Christene onthoof.

© Die Oratorium Uitgewery